

## 31 Oktober - SUSTERS

**Skrifgedeelte: Matteus 27:55-61; 28:1-10**

**Fokusgedeelte: Matteus 27:55**

**M**ens sou daar so maklik kon verby lees: dat baie vroue op 'n afstand na die sterwende Christus staan en kyk het. Johannes noem vier van hulle. Op 'n afstand, ja; beskroomd – so tipies van die vrou se plek in samelewing en godsdienst, destyds. Tog was hulle deurgaans so intens aan die Here toegewy, veral toe sy lyding die hoogtepunt bereik het.

Van Galilea af het gelowige susters Hom gevolg om Hom te versorg. Hulle was by toe Hy gezesel, gekruisig en begrawe is. Ook weer by die geopende graf om Jesus selfs na sy dood te versorg.

Toe bekroon Hy die besondere deernis wat Hy deurgaans jeens vroue gehad het. Na sy opstanding verskyn Hy heel eerste aan 'n vrou – Maria Magdalena. 'n Vrou, óók Maria, mag die eerste boodskapper van die evangelie word: Hy 't opgestaan! Sy versoeningswerk is volbring!

Watter kontras: susters, toenemend betrokke by Christus; broeders (die dissipels) toenemend afsydig teenoor Hom. Toe gebruik God die susters om weer vuur in die skuilende mans te blaas; hulle te bemoedig om weer uit te gaan en die evangelie aan die wêreld te verkondig.

Gelowige susters se toewyding aan die Here blyk uniek te wees; hulle gemeenskap met Hom so innig. Daar is by hulle soveel ywer ... diensbaarheid.

Watter genade dan dat gelowige susters so 'n groot rol in die opvoeding van ons kinders mag speel; in die aansporing van die mans; in die ywer van die kerk ... Om die deernisvolle liefde van Christus op elke lewens-terrein uit te leef.

Hulle, tere gemoedsmense wat die Here so innig kan dien, is sy besondere kragopwekkers.

*Sing: Psalm 68:4, 5*

*Ds CJ Nagel (Messina)*